## GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

**SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

**NO. 1594** **10 December 2021**

**PUBLIC NOTICE IN TERMS OF SECTION 20(5B) OF THE VALUE-ADDED TAX ACT, 1991 (ACT NO. 89 OF 1991) PRESCRIBING THE PARTICULARS THAT A TAX INVOICE MUST CONTAIN IF THE SUPPLY BY A VENDOR RELATES TO ANY ENTERPRISE CONTEMPLATED IN PARAGRAPHS *(b)*(vi) AND *(b)*(vii) OF THE DEFINITION OF "ENTERPRISE" IN SECTION 1 (1) OF THE ACT**

In terms of section 20(5B) of the Value-Added Tax Act, 1991, I, Intikhab Shaik, Acting Commissioner for the South African Revenue Service, hereby prescribe, in the Schedule hereto, the particulars that a tax invoice must contain if the supply by a vendor relates to any enterprise contemplated in paragraphs *(b)*(vi) and *(b)*(vii) of the definition of "enterprise" in section 1(1) of that Act.

**I SHAIK** 2021:11:29
**ACTING COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

## SCHEDULE

### 1. General

In this notice, unless the context indicates otherwise, any term to which a meaning has been assigned in the Value-Added Tax Act, 1991, has the meaning so assigned thereto, and the terms hereunder have the following meanings:

**"electronic services recipient"** means a resident of the Republic who is a recipient of electronic services supplied by an electronic services supplier;

**"electronic services supplier"** means a vendor supplying electronic services in the course or furtherance of an enterprise contemplated in paragraph *(b)(vi)* and *(b)(vii)* of the definition of "enterprise" in section 1(1) of the Act;

**"tax invoice"** means a document provided as required by section 20 of the Act;

**"VAT"** means value-added tax; and

**"the Act"** means the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991).

### 2. Purpose

This notice sets out the particulars that must be contained on a tax invoice issued in terms of section 20(5B) of the Act.

### 3. Tax invoices

(1) An electronic services supplier is required to issue a tax invoice in terms of section 20(5B) of the Act, containing, as a minimum, the following particulars:

*(a)* The name and VAT registration number of the electronic services supplier;

*(b)* The name and, where the electronic services recipient is a vendor, the VAT registration number of the electronic services recipient;

*(c)* The business address, residential address or postal address of the electronic services recipient;

*(c)* An individual serialised number;

*(d)* The date on which the tax invoice is issued;

*(e)* A full and proper description of the electronic services supplied; and

*(f)* The consideration in money for the supply in the currency of any country and if the consideration is reflected in the currency of—

(i) the Republic—

*(aa)* the value of the supply; and

*(bb)* the amount of tax charged or a statement that the consideration includes a charge in respect of the tax and the rate at which the tax was charged; or

(ii) any country other than the Republic—

*(aa)* the amount of the tax charged in the currency of the Republic and the exchange rate used; or

*(bb)* a separate document issued by the electronic services supplier reflecting the amount of tax charged in the currency of the Republic and the exchange rate used.

(2) An electronic services supplier issuing a tax invoice reflecting the consideration in money in the currency of any country other than the Republic must convert the tax charged to the currency of the Republic. In this regard, the exchange rate that must be applied in order to determine the tax charged, is the—

*(a)* daily exchange rate[1] on the date the time of supply occurs;

*(b)* daily exchange rate on the last day of the month preceding the time of supply; or

*(c)* monthly average rate for the month preceding the month during which the time of supply occurs.

(3) The exchange rate to be used by the vendor for purposes of paragraphs (2)*(a)*, *(b)* and *(c)* is the rate as published by—

*(a)* the South African Reserve Bank (www.resbank,co,za);

*(b)* Bloomberg (www.bloomberg.com); or

*(c)* the European Central Bank (www.ecb.europa.eu).

1 The exchange rate is the weighted average of the banks' daily rates at approximately 10:30 am.

**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**NO. 1594** **10 Desember 2021**

**PUBLIEKE KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 20(5B) VAN DIE WET OP BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE, 1991 (WET NO. 89 VAN 1991) WAT DIE BESONDERHEDE UITEENSIT WAT ’N BELASTINGFAKTUUR MOET BEVAT INDIEN DIE LEWERING DEUR ’N ONDERNEMER BETREKKING HET OP ENIGE ONDERNEMING BEOOG IN PARAGRAWE *(b)*(vi) EN *(b)*(vii) VAN DIE OMSKRYWING VAN “ONDERNEMING” IN ARITKEL 1 (1) VAN DIE WET**

Ingevolge artikel 20(5B) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, bepaal ek, Intikhab Shaik, Waarnemende Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, in die Bylae hierby, die besonderhede wat ’n belastingfaktuur moet bevat indien die lewering deur ’n ondernemer betrekking het op enige onderneming beoog in paragrawe *(b)*(vi) en *(b)*(vii) van die omskrywing van “onderneming” in artikel 1(1) van die Wet.

**I SHAIK**
**WAARNEMENDE KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

# BYLAE

## 1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing vervat waaraan ’n betekenis geheg is in die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, omskryf, dra die betekenis aldus daaraan geheg, tensy die samehang andersins aandui, en dra die terme hieronder die volgende betekenisse:

**“elektroniese dienste ontvanger”** beteken ’n inwoner van die Republiek wat die ontvanger is van elektroniese dienste verskaf deur ’n elektroniese dienste verskaffer;

**“elektroniese dienste verskaffer”** beteken ’n ondernemer wat elektroniese dienste verskaf in die loop van die bevordering van ’n onderneming in paragraaf *(b)(vi)* en *(b)(vii)* van die omskrywing van “onderneming” in artikel 1(1) van die Wet, beoog;

**“belastingfaktuur”** beteken ’n dokument verskaf soos vereis deur artikel 20 van die Wet;

**“BTW”** beteken belasting op toegevoegde waarde; en

**“die Wet”** beteken die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991).

## 2. Doel

Hierdie kennisgewing sit die besonderhede uiteen wat vervat moet word op ’n belastingfaktuur ingevolge artikel 20(5B) van die Wet, uitgereik.

## 3. Belastingfakture

(1) ’n Elektroniese dienste verskaffer word vereis om ’n belastingfaktuur uit te reik ingevolge artikel 20(5B) van die Wet, wat as ’n minimum, die volgende besonderhede moet bevat:

- *(a)* Die naam en BTW registrasienommer van die elektroniese dienste verskaffer;
- *(b)* Die naam en, waar die elektroniese dienste verskaffer ’n ondernemer is, die BTW registrasienommer van die elektroniese dienste ontvanger;
- *(c)* Die besigheidsadres, woondadres of posadres van die elektroniese dienste ontvangers;
- *(c)* ’n Individuele opeenvolgende nommer;
- *(d)* Die datum waarop die belastingfaktuur uitgereik is;
- *(e)* ’n Volledige en behoorlike beskrywing van die elektroniese dienste verskaf; en

*(f)* Die vergoeding vir die lewering in geld in die geldeenheid van enige land en indien die vergoeding in die geldeenheid aangedui word van—
  (i) die Republiek—
    *(aa)* die waarde van die lewering; en
    *(bb)* die bedrag belasting gehef of 'n stelling dat die vergoeding 'n heffing ten opsigte van die belasting insluit en die koers waarteen die belasting gehef was; of
  (ii) enige land buiten die Republiek—
    *(aa)* die bedrag belasting gehef in die geldeenheid van die Republiek en die uitruilkoers gebruik; of
    *(bb)* 'n Aparte dokumente uitgereik deur die elektroniese dienste verskaffer wat die bedrag belasting gehef in die geldeenheid van die Republiek aandui en die uitruilkoers gebruik.

(2) 'n Elektroniese dienste verskaffer wat 'n belastingfaktuur uitreik wat die vergoeding in geld in die geldeenheid van 'n land anders as die Republiek aandui, moet die belasting gehef na die geldeenheid van die Republiek omskakel. In hierdie verband, is die uitruilkoers wat toegepas moet word ten einde die belasting gehef te bepaal, die—
*(a)* daaglikse uitruilkoers[1] op die datum wat die tyd van lewering plaasvind;
*(b)* daaglikse uitruilkoers op die laaste dag van die maand wat die tyd van lewering voorafgaan; of
*(c)* maandelikse gemiddelde koers vir die maand wat die maand waartydens die tyd van lewering plaasvind, voorafgaan.

(3) Die uitruilkoers wat deur die ondernemer vir doeleindes van paragrawe (2)*(a)*, *(b)* en *(c)* gebruik moet word, is die koers gepubliseer deur—
*(a)* die Suid-Afrikaanse Reserwebank (www.resbank.co.za);
*(b)* Bloomberg (www.bloomberg.com); of
*(c)* die Europese Sentrale Bank (www.ecb.europa.eu).

1 Die uitruilkoers is die geweegde gemiddelde van die banke se daaglikse koerse omstreeks 10:30 vm.